PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG U MENING

ONTEIENINGSWETSONTWERP [B 23B—2020]

UITNODIGING VIR OPENBARE VOORLEGGINGS

Gekose Komitee oor Vervoer, Staatsdiens en Administrasie, Openbare Werke en Infrastruktuur nooi belangstellende persone en belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar oor die Onteieningswetsontwerp **[B 23B—2020]** in te dien.

Die wetsontwerp het ten doel om voorsiening te maak vir die onteiening van eiendom vir 'n openbare doel of in die openbare belang; om die prosedure vir die onteiening van eiendom vir 'n openbare doel of in die openbare belang te reguleer, met inbegrip van die betaling van vergoeding; om sekere gevalle te identifiseer waar die voorsiening van geen vergoeding regverdig en billik kan wees vir onteiening in die openbare belang; om die Onteieningswet, 1975 (Wet No 63 van 1975) te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Belangstellende persone en belanghebbendes word versoek om skriftelike insette in te dien via die aanlyn indieningsvorm wat by die volgende skakel beskikbaar is: **https://forms.gle/PTNQaCjRyEzVcvVa8**

Navrae kan gerig word aan die Gekose Komitee oor Vervoer, Staatsdiens en Administrasie, Openbare Werke en Infrastruktuur, vir aandag van die Komiteesekretaris, mnr Hlupheka Mtileni, by e-pos **expropriationcomments@parliament.gov.za**

Die sluitingsdatum vir die aanvaarding van skriftelike voorleggings is Maandag, 6 Maart 2023.

Afskrifte van die wetsontwerp kan telefonies by mnr Mtileni aangevra word by selfoon: 0837098448 of elektronies verkry word via die parlementêre webwerf (www.parliament.gov.za).

Uitgereik deur mnr M K Mmoiemang, LP, Voorsitter van die Gekose Komitee oor Vervoer, Staatsdiens en Administrasie, Openbare Werke en Infrastruktuur

Parliament – Following up on our commitments to the People – Making your future work better